# Inhoud

## Kwartaal 3: Week 26 tot 30


**Storie 1:**

Die rampspoedige mondeling ............................ 2



**Storie 2:**

Die wonderlike wêreld binne die internet ............................ 12



**Storie 3:**

Bienkie se geheime sending ............................ 22




EXTRACT PAGES

# Die rampspoedige mondeling






Vandag praat die graaddries mondeling oor hulle vakansie. Tiana is al weke lank angstig oor hierdie mondeling. Sy het dit op kaartjies uitgeskryf.

"Tiana is eerste aan die beurt, " sê meneer Pienaar. Tiana se mond is kurkdroog en haar ore suis. Haar hart klop baie vinnig.

EXTRACT PAGES





EXTRACT PAGES

"Hallo, almal," begin Tiana. "Uhm, my gunstelingvakansie is ... " Sy kan nie onthou wat sy volgende moet sê nie. Die klas is onrustig en hier en daar probeer iemand hul lag onderdruk. "Sy het haar woorde vergeet!" sê Kenneth. "Stilte, asseblief. Kom ons luister aandagtig," sê Meneer streng.




EXTRACT PAGES

Tiana sug en probeer fokus. Meteens spat Tiana se kaartjies in 'n boog oor die vloer. "O jitte, kyk vir Tiana die kulkunstenaar," sê Abrie hard. Tiana maak haar kaartjies bymekaar. Gelukkig het sy hulle genommer, maar, ag nee, nommer vier is weg! "Tiana, los maar die kaartjies. Praat sommer net uit jou kop uit," sê Meneer.





Tiana het ’n storiebord gemaak, maar stamp per ongeluk die staander om. Die kinders lag kliphard. Nadat meneer Pienaar die klas kalmeer het, probeer Tiana een laaste keer. “Ons ... ons het altyd ’n groot ete en my ma bak ... koekies ... en ... en ons maak geskenke oop. Dit is spesiaal omdat ... ons almal saam sit en ... en lag en ... dit voel ... dit voel warm en gelukkig.”

“Dankie, Tiana, dit was ’n moedige poging,” troos Meneer. Tiana gaan sit kop onderstebo by haar lessenaar.

EXTRACT PAGES



EXTRACT PAGES

Later die middag kom Tiana by die huis. Sy gooi haar rugsak op die vloer en val op die rusbank neer. Haar rampspoedige mondeling speel in haar kop af. Sy wens die aarde kan haar insluk. Nie eens haar hond laat haar beter voel nie. “Is dit jy, Sus?” roep haar ma vrolik en loer by die sitkamer in.



EXTRACT PAGES

“Hallo, skat. Hoe was skool?” vra Ma. “Dit was aaklig, Ma.” Tiana begin huil. “Ek het my mondeling opgemors en almal het vir my gelag. Die kinders was so mislik en ek kon niks onthou nie. Ek het net gevries.” “Ai, dis jammer. Dit klink of jy ’n baie moeilike dag gehad het. Ek is tog bly dat jy aanhou probeer het,” troos haar ma.



EXTRACT PAGES

"Om voor mense te praat, is soos klavierspeel. Hoe meer jy oefen, hoe beter sal jy word. Wanneer jy senuagtig voel, moet jy diep asemhaal. Dit help om jou te kalmeer en om beter te konsentreer," verduidelik Ma. "In deur die neus, uit deur die mond," sê haar ma 'n paar keer. Hulle oefen saam. "Mooi! Onthou om ook diep asem te haal terwyl jy praat."



“Onthou om ook nie te vinnig te praat nie. Probeer om stadig en duidelik te praat. Maak oogkontak met jou gehoor. Dit wys dat jy selfvertroue het.
Kyk rond in die klas asof jy met ’n groep vriende praat. Oefen jou toespraak voor die spieël. Jy kan sien hoe jy lyk en hoor hoe jy klink wanneer jy praat. En as iemand lag, lag jy saam. Moenie dat die boelies jou afskrik nie.”
“Ek was te bang om na die kinders te kyk,” erken Tiana. Sy gaan staan voor die spieël om te oefen.

EXTRACT PAGES



“Wanneer jy meer gemaklik voel, beweeg jou lyf. As jy stokstyf staan, kom jy bang en onseker voor en dit maak mense ongemaklik,” verduidelik Ma. Tiana het ’n waardevolle les geleer. Haar rampspoedige mondeling is ’n geleentheid om te leer en te verbeter. As jy genoeg oefen en in jouself glo, kan jy enige iets regkry!

EXTRACT PAGES

# Wenke vir ´n mondeling:

- Leer jou woorde uit jou kop.
- Oefen voor ’n spieël.
- Staan gemaklik.
- Haal asem tussen sinne.
- Praat asof jy ’n storie vir jou maats vertel.
- Gebruik jou hande, arms en lyf wanneer jy praat.
- Wissel jou gesigsuitdrukkings en stemtoon.
- Maak oogkontak met jou gehoor.
- As jou gehoor vir jou lag, lag saam!

EXTRACT PAGES

## Vrae:

1. Watter les het Tiana in hierdie storie geleer?
2. Het jy al jou woorde tydens ’n mondeling of voordrag vergeet?
3. Hoekom, dink jy, moet jy saam lag as mense vir jou lag?


# Die wonderlike wêreld binne die internet



EXTRACT PAGES

Welkom by die wonderlike wêreld binne die internet. Binne-in die internet is daar ’n wonderlike towerwêreld waar data en kodes in kleurvolle landskappe en digitale wesens omskep is. Dit is die koninkryk van 4D en hier heers koning WJSIWJK. (Sê dit so: Wy-se-wiek – Wat jy sien, is wat jy kry.)





Alles wat mense aanlyn reg oor die wêreld doen, word in die 4D-ryk uitgevoer. Digitale karakters van alle kleure en geure ontvang die opdragte uit die menslike wêreld en sorg dan dat dit gedoen word. Karakters in die 4D-ryk het in twee groepe verdeel. Die Virusmakers en die Virusjagters is in kompetisie met mekaar. Die Virusjagters wil goeie dinge vir die mense doen, maar die Virusmakers is boos. Die Virusjagters probeer om die internet veilig te hou. Die Virusmakers maak net moeilikheid en hulle leier se naam is Koos Korrup.

EXTRACT PAGES

## Die Bewakers van die Internet (BVI)

Onlangs het koning WJSIWJK 'n spesiale eenheid aangestel om die WWW (wêreldwye web) teen virusse, goggas en krakers te beskerm.

| | |
|---|---|
|  | Kuber Domein is 'n 14-jarige slimkop wat agterbaksheid haat. Hy is die leier. |
|  | Liam LAN kan by enige stelsel inkom en blitsig nuwe sagteware skryf. |
|  | Tara Zip is 'n sosiale media-kenner wat weet wat om nie aanlyn te sê of doen nie. |
|  | Max Pascal is agt jaar oud en kan enige raaisel oplos. Hy dink anders as ander mense. |

EXTRACT PAGES